


# WOORD VAN De Wet

Hoof Uitvoerende Direkteur/ Chief Executive Director

Op 16 Junie 2026 vier ons Jeugdag in Suid-Afrika, 'n dag wat ons herinner aan die moed en opoffering van jongmense wat na 'n beter toekoms gesmag het. Net 'n dag vroeër, op 15 Junie 2026, word die wêreld herinner aan die kwesbaarheid van ons bejaardes deur die World Elder Abuse Awareness Day, wat in Suid-Afrika ondersteun word deur die Go Turquoise for the Elderly Campaign. Hierdie twee herdenkings, so naby aan mekaar, bied 'n unieke geleentheid om te besin oor die band tussen die jeug en die bejaardes, die begin en die volheid van die lewensreis.

At Engo, we believe that caring has no age limit. Our work bridges generations: from the youngest children who need support and opportunities, to the elderly who often depend on the care and respect of the community. The youth represent energy, HOPE and change. The elderly represents wisdom, experience, and the foundation on which communities are built. When we bring these two groups together, we build a society that not only looks forward, but also looks back with gratitude.

Die Go Turquoise for the Elderly Campaign herinner ons daaraan dat mishandeling van bejaardes 'n werklikheid is wat nie geïgnoreer kan word nie. Mishandeling kan fisies, emosioneel, finansieel of selfs deur verwaarlosing plaasvind.

Elke daad van mishandeling is 'n verbreking van die waardigheid wat elke mens verdien. Deur die kleur turkoois te dra en die boodskap uit te dra, verklaar ons dat ons bejaardes nie alleen is nie, hulle is deel van ons gemeenskap en ons dra hul laste saam.

Youth Day, on the other hand, calls us to remember that young people are the bearers of change. They have the power to challenge injustice and build new paths, but that power must be combined with respect for those who have walked the path before. The youth can learn from the stories of the elderly and the elderly can draw HOPE from the energy of the youth. In this way, a circle of caring and support is created.

Engo se rol is om hierdie kringloop te versterk. Ons bied dienste en programme wat die jeug bemagtig, maar ook die bejaardes beskerm en ondersteun. Ons glo dat 'n gemeenskap wat sy bejaardes eer, sy jeug inspireer om met waardigheid en respek te leef en 'n gemeenskap wat sy jeug koester, 'n toekoms bou waarin bejaardes veilig en geliefd kan oud word. Sò skep ons HOOP vir oud en jonk, EWIGE HOOP!

# VAN 'N GROOT HART NA 'N WARM WINTER

*Wanneer Omgee 'n Groot Verskil Maak*

**Hierdie maand gesels ons met Waylon-Lee Swanepoel, 'n 8-jarige Graad 2-leerder aan Fichardtpark Primêre Skool in Bloemfontein. Waylon-Lee is lief vir sport en geniet dit om PlayStation te speel, maar hy het ook 'n besonderse hart vir mense in nood.**


Vanjaar het hy daarin geslaag om 300 komberse vir Engo se Warm Winter Komberse-projek, in samewerking met Rosestad FM, in te samel. Sy omgee, vasberadenheid en bereidwilligheid om 'n verskil te maak, het ons geïnspireer. Ons kon nie die geleentheid laat verbygaan om met hierdie jong weldoener te gesels en meer uit te vind oor wat hom motiveer en inspireer om ander te help nie.

**Waar het jy die idee gekry om komberse vir mense in nood in te samel, en hoekom hou jy aan om dit elke jaar te doen?**

Ek het die idee gekry by Rosestad 100.6FM, wat saam met Engo komberse insamel vir die Warm Winter Komberse-projek. Ek wou graag 'n verskil maak in ander mense se lewens en help dat hulle warm kan slaap in die winter. Daarom het ek besluit om komberse in te samel. Ek hou aan om dit elke jaar te doen, omdat daar nog baie mense is wat hulp nodig het en ek wil graag my deel doen om hulle te help.

**Hoe het jou familie, vriende en ander mense jou gehelp om soveel komberse in te samel?**

Ek het almal gevra om my te help, en my ouma het my ook gehelp deur vir mense vir donasies te vra en om komberse te koop.



**Hoekom dink jy is dit belangrik dat kinders ook probeer om ander mense te help?**

Sodat kinders van kleins af kan leer om ander mense wat in nood is, te help.

**Hoe voel dit wanneer jy sien dat jou bydrae ander mense inspireer om te help en wat sal jy vir iemand sê wat graag iets goed vir ander wil doen?**

Dit voel great en maak my hart warm as ek sien ander mense doen ook goed. Dan sal ek vir hulle sê: ‘Mooi so! Hou so aan!

**Waylon-lee, baie dankie dat jy tyd gemaak het om jou storie met ons te deel. Jou bereidwilligheid om ander mense te help en ’n verskil in hulle lewens te maak, is inspirerend. Om 300 komberse in te samel is ’n besondere prestasie en wys wat moontlik is wanneer mense saamwerk vir ’n goeie doel. Ons waardeer jou betrokkenheid by die Warm Winter Komberse-projek en wens jou alle sterkte toe vir die res van die jaar.**











# ’N BEDERF VIR ONS INWONERS

## BY ONZE RUST SENTRUM VIR BEJAARDES

Die inwoners van Onze Rust Sentrum vir Bejaardes in Steynsrus is bederf met geskenkbewyse vir handemasserings, danksy die bydrae van ’n anonieme donateur.

Baie dankie vir hierdie mooi gebaar. Sulke dade van omgee bring vreugde en herinner ons inwoners daaraan dat hulle waardeer word.




# DRA TURKOOIS

## VIR ONS OUER GENERASIE

Engo se Bejaardesorgsentrums in die Vrystaat neem deel aan die Go Turquoise for The Elderly-bewusmakingsveldtog wat van 15 Mei tot 15 Junie 2026 plaasvind. Die veldtog fokus op die waardigheid, welstand en ondersteuning van ouer persone, terwyl dit ook aandag vestig op uitdagings soos mishandeling, demensie, geestesgesondheid en die keuse van ‘n geskiktebejaardesorgsentrum.




Gemeenskappe word aangemoedig om hul ondersteuning te wys deur iets turkoois te dra en bewusmaking te help skep. Ondersteun enige van Engo se 20 Bejaardesorgsentrums in die Vrystaat deur ’n debietorder te teken en ’n verskil in die lewens van ouer persone te maak. Vir meer inligting, besoek www.engo.co.za of kontak Engo Bemarking by 060 548 5543 of info@engo.co.za.

# HUIS SORGVRY HOU

## GO TURQUOISE FOR THE ELDERLY–BEWUSMAKINGSVELDTOG OPEDAG

Huis Sorgvry in Reitz het op 29 Mei 2026 aan die Go Turquoise for the Elderly-bewusmakingsveldtog deelgeneem deur 'n opedag aan te bied. Inwoners van die wooneenhede en lede van die gemeenskap is uitgenooi om die dag saam te geniet en meer bewusmaking vir ouer persone te skep.



Gaste is bederf met wafels, bedien met hoender-en mayovulsel of karamelsous, asook koffie, tee en vrugtesap. Mnr. Lehman Lindeque het die bestuur verteenwoordig en die geleentheid saam met inwoners en besoekers bygewoon.



# EDUVOS STUDENTE EN DOSENTE

## LEER MEER OOR ENGO

Engo het op 8 Mei 2026 met studente en dosente van Eduvos gesels oor die belangrikheid van betrokkenheid in die gemeenskap en meer inligting oor Engo gedeel. Dit was deel van hulle viering van Omgewingsbewustheidsdag.



Ongeveer 30 mense het die praatjie bygewoon. Hierdie geleentheid is deel van Engo se poging om soveel as moontlik mense bewus te maak van die werk wat gedoen word en om verhoudinge met belangegroepe in die gemeenskap te bou en versterk.



# SPELLING BEE PROMOTES

## EDUCATION AND BULLYING AWARENESS




On 8 May 2026, the Engo Family Care office in Bloemfontein hosted a Spelling Bee competition at Kgotsofalo Farm School in Tierpoort to promote education and raise awareness about bullying. The initiative was launched in response to concerns about bullying at the school and was developed by social worker Anchen van Biljon and auxiliary social worker Magdeline Molehe. To reinforce the message, every spelling word used in the competition was related to bullying prevention and awareness. The competition brought together learners from Kgotsofalo Farm School, Engo Child and Youth Care Centres, and Kidz Care Trust.





All three winners came from Engo's Child and Youth Care Centres and they received books, games and certificates. Omgie, the Engo Mascot, added to the fun with dance activities, while the programme concluded with a message encouraging kindness and respect among learners.

# VAN STIGTINGSLID TOT INWONER

## BY BERGPRAG SENTRUM VIR BEJAARDES

Op 5 Mei 2026 het Bergprag Sentrum vir Bejaardes in Bethlehem met Tannie Koba Hattingh gesels, een van die stigtingslede van die versorgingseenheid en nou ook 'n inwoner daarvan. Tannie Koba het in 2002 saam met haar man, Ds. Dawie Hattingh, en Ds. Piet Taljaard gehelp om die moontlikheid van 'n bekostigbare versorgingseenheid vir ouer persone te ondersoek. Die groep het destyds na Marquard gereis om idees te versamel oor hoe so 'n diens by Bergprag Sentrum vir Bejaardes gevestig kon word.

beplan aan 'n veilige en volhoubare tuiste vir bejaardes, terwyl die bestaande gebou, wat oorspronklik deel van die kinderhuis was, omskep is vir die nuwe doel.

Vandag woon Tannie Koba self in die versorgingseenheid wat sy gehelp stig het. Op die vraag hoe dit voel, antwoord sy eenvoudig: "Dankbaarheid."

Sy is dankbaar vir die veilige omgewing en die versorging wat sy ontvang en geniet dit steeds om haar familie by haar huisie in die oord te ontvang.



# MEESTERSTUK 5

## GROOT SUKSES VIR VYF ENGO-JEUGSORGSENTRUMS

Engo se jaarlikse Meesterstuk-konsert ten bate van vyf Jeugsorgsentrums in Bloemfontein is die naweek van 22 Mei 2026 met groot sukses by Leopards and Lace aangebied. Ongeveer R500 000 is ingesamel vir noodsaaklike terapeutiese en mediese dienste aan die sowat 50 kinders wat by Carpe Diem, Gardenia, Gladstone, Esperanza en Amor Kinder- en Jeugsorgsentrums versorg word.








Meer as 700 mense het die geleentheid oor twee dae bygewoon. Die kinders het opgetree, hul hartsboodskappe gedeel en saam met Cezanne Yzelle die tema "Die Lewe is 'n Lied" uitgebeeld. Kunswerke wat deur die kinders gemaak is, asook drie skilderye deur Siyabonga Gans, is opgeveil. Engo ondersteun ook vanjaar vir die vyfde agtereenvolgende jaar vir Siyabonga met 'n bydrae tot sy maandelikse behoeftes. Baie dankie aan elke gasvrou, borg en vrywilliger wat gehelp het om van die geleentheid 'n sukses te maak.







# ENGO ATTENDED

## NATIONAL SACBW SUMMIT IN BLOEMFONTEIN

Engo had the opportunity to share its work with more than 100 businesswomen from across South Africa at the SACBW National Summit, held in Bloemfontein on 20 May 2026. Alda Fourie shared Engo's story and encouraged attendees to become actively involved in making a difference in their communities.

The Engo marketing team also attended the morning session, which featured several inspirational speakers. The event provided a valuable opportunity to network with like-minded businesswomen and build relationships that could support future community initiatives.



# CHILD PROTECTION WEEK

## CELEBRATED WITH CHILD PROTECTION WALK IN BLOEMFONTEIN

Child Protection Week, celebrated across South Africa, kicked off on Friday, 29 May 2026, and ran until 5 June 2026. This year's theme was "Working together in ending violence against children."



The main objective of this week is to make people more aware of the abuse, neglect and violence against children.Engo Family Care in Bloemfontein, Childline Free State and VVA took hands in Bloemfontein, and arranged a Child Protection Walk, that took place on 30 May 2026 at Villa Avianto in Bloemfontein.



The public was invited to participate by donating non-perishable food items or toiletries as entry to the walk. The fun-filled day once again highlighted the importance of joining hands to protect vulnerable children in our communities. Thank you to everyone who supported this initiative!

# ROSE RUN

## ONDERSTEUN ENGO



Engo was vanjaar die begunstigde van die Rose Run-padwedloop wat op 9 Mei 2026 by die Urth Lifestyle Centre plaasgevind het. Die geleentheid is deur die Pentagon Pistols aangebied, en deelnemers kon tydens hul aanlyn inskrywing 'n donasie aan Engo maak.




Meer as 1 000 deelnemers het aan die wedloop deelgeneem, wat sowat R10 000 vir Engo ingesamel het. Die fondse sal aangewend word om ondersteuning aan behoeftige kinders, gesinne en ouer persone in gemeenskappe regoor die Vrystaat te bied.

# 66 JAAR VAN HUWELIKSGELUK

## VIR STEINMANN-EGPAAR IN BLOEMFONTEIN





Oom Chris Steinmann (87) en Tannie Susan Steinmann (85) het op 4 Junie 2026 hul 66ste huweliksherdenking gevier. Tannie Susan vertel dat hulle destyds om 15:30 deur Ds. Van Loggerenberg in die Klipkerk in Bloemfontein getroud is. Die egpaar deel ook dieselfde verjaarsdag op 25 September, wanneer Oom Chris 88 en Tannie Susan 86 jaar oud sal word.

Die egpaar woon steeds in hul eenslaapkamerhuisie by Engo Sentrum vir Bejaardes in Bloemfontein, Westerbloem Anneks 74 in Bloemfontein. Hoewel Tannie Susan al vir baie jare 'n rolstoel gebruik en haar sig verswak het, versorg Oom Chris haar steeds met baie liefde.

# JUMP FOR JESUS PROJEK

## HELP KINDERS MET WINTERSKLERE EN GEESTELIKE ONDERSTEUNING

Jump for Jesus, in samewerking met die Lewende Woord Gemeente in Bloemfontein, het R51 015 ingesamel om kinders by Engo se Kinder- en Jeugsorgsentrums (KJSS) te ondersteun. Op 15 Mei 2026 is sewentien kinders van Carpe Diem en Gladstone Kinder- en Jeugsorgsentrums op 'n uitstappie na die Waterfront geneem, waar elke kind nuwe wintersklere ter waarde van ongeveer R2 650 ontvang het.







As deel van die projek is geestelike ondersteuning ook gebied. Op 29 Mei 2026 is Bybelstudie by Carpe Diem en Gladstone KJSS aangebied, terwyl twaalf Bybels aan House of Compassion KJSS geskenk is. Sewentien joernale is ook aangekoop vir die kinders se geloofsontwikkeling. Die oorblywende fondse sal aangewend word vir ontbytpap, melk en lekkergoedpakkies.

# WARM WINTER KOMBERSE-PROJEK

## BRING WARMTE AAN GEMEENSKAPPE IN BLOEMFONTEIN

Die Warm Winter Komberse-projek is vanjaar vir die derde agtereenvolgende jaar in samewerking met Rosestad FM aangebied en het einde Mei 2026 afgesluit. Gedurende die maand is vier skole besoek om komberse in te samel, terwyl 'n "container" by Engen Curiepark geplaas is waar die publiek komberse en warm klere kon skenk. Die projek het uitstekende ondersteuning uit die gemeenskap ontvang, met 'n totaal van 985 komberse wat ingesamel is. Die komberse word vanaf 7 Junie 2026 versprei na gemeenskappe waar die behoefte die grootste is.

Op 5 Junie 2026 het die amptelike oorhandiging van die komberse by Engo Gesinsorg in Bloemfontein plaasgevind. Vanjaar is die projek verder uitgebrei na Reddersburg, terwyl Maluti FM in Bethlehem 'n soortgelyke inisiatief aanbied om klere, komberse en voedsel in te samel. Engo bedank elke skool, kerk, organisasie, besigheid en individu wat gehelp het om warmte en ondersteuning aan kwesbare mense te bied.








# SALILENI GHOLFDAG

## BRING GEMEENSKAP BYMEKAAR VIR GESTREMDE PERSONE

Die jaarlikse Salileni Gholfdag ten bate van gestremde persone het op 29 Mei 2026 in Bethlehem plaasgevind. Die warm wintersdag het die ideale omstandighede geskep vir die 15 spanne wat aan die geleentheid deelgeneem het.



Benewens die gholf, is fondse ingesamel deur kaartjieverkope vir Cruise for a Cause, wat op 'n totaal van 15 boekies geëindig het, asook 'n lootjietrekking vir 'n Landzicht-wyn. Die spelers se entoesiasme en die ondersteuning vanuit die Bethlehem-gemeenskap het bygedra tot die sukses van die dag.



# ENGO FAMILY CARE

## MARKS CHILD PROTECTION WEEK THROUGH COMMUNITY OUTREACH

As part of Child Protection Week, Engo Family Care in Bloemfontein hosted a series of awareness activities from 1 to 4 June 2026 to educate communities about child safety, reporting procedures and services available to protect children.

Dr Böhmer School, Pelonomi Hospital and Roseview Primary School was part of this outreach, where Engo joined stakeholders including Childline Free State, SAPS, Parkroad FCS, the NPA, the University of the Free State, and the Departments of Education and Health to educate learners and community members on how organisations work together to protect children.



During the hospital visit 88 blankets, together with scarves and beanies from the Warm Winter Project, were distributed. The activities aimed to empower communities with knowledge and promote the safety and wellbeing of children.







# PUPPET SHOWS

## LAUNCH CHILD PROTECTION WEEK AT ENGO FAMILY CARE IN WELKOM

The Engo Family Care office in Welkom launched its Child Protection Week campaign with a series of puppet shows presented at nine crèches in Bronville, Thabong and Welkom. Led by Social Auxiliary Workers Thabo Motaung and Clement Mlbani, the initiative aimed to teach young children about personal safety and protection from abuse, neglect, exploitation and violence in an engaging and age-appropriate manner.



Children learned important safety lessons through storytelling and interactive puppet characters. Topics included personal boundaries, recognising unsafe situations, identifying trusted adults and speaking up when they feel uncomfortable or unsafe. The programme forms part of Engo Family Care Welkom's ongoing efforts to promote child protection and create safer communities for children.



# DIE AVONTURE VAN OMGIE



DIE VRUG VAN

# VREUGDE

**Omgie is weer op reis.**

**Met sy bondeltjie vol Vrugte van die Gees stap hy elke maand ’n nuwe avontuur binne.  Soms raak die pad moeilik. Soms is dit vol vreugde.**

**Maar elke keer moet Omgie kies:**

**Watter vrug gaan hom help om vandag die regte ding te doen?**

**Kom stap saam met Omgie — en ontdek watter vrug hierdie maand se storie dra.**

Omgie hoor die musiek nog voordat hy die jongmense sien.

In die saal flikker ligte en skoene gly oor die vloer. Party lag hard. Party sit stil eenkant. Party glimlag… maar net vir ’n oomblik.

“Kom speel saam!” roep iemand.

Omgie dans, draai en lag so hard dat almal saam lag. Vir ’n oomblik voel alles lig.

’Maar toe hy gaan sit, sien hy dit.

’n Seun staar na die vloer.

n Meisie hou haar trui se mou styf vas.

“Dis nie altyd maklik nie,” fluister die seun. “Ons probeer net… aanhou.”

Omgie wens hy kon al hulle probleme wegvat. Toe voel hy sy bondeltjie.

Hy maak dit oop.

**Binne skyn die Vrug van Vreugde.**

Dit fluister:

**“Vind lig, selfs in donker.**

**Deel hoop, selfs wanneer jy self bang is.”**

Omgie spring op. Hy begin ’n simpel speletjie, trek snaakse gesigte en laat almal hul name skree asof hulle superhelde is.

Stadig verander die saal.

Die lag word eg.

Skouers ontspan.

Oë lig op.

**Die probleme verdwyn nie, maar die jongmense staan nader aan mekaar. Hulle klap hande en sing saam.**

Die seun glimlag hierdie keer met sy hele gesig.

“Dankie,” sê hy. “Ek het vergeet hoe vreugde voel.”

Omgie kyk na die Vrug van Vreugde wat soos sonskyn ná reën skyn.

Toe verstaan hy:

Vreugde maak nie swaarkry weg nie.

Dit steek ’n lig aan, sodat niemand alleen in die donker hoef te staan nie.

**Met daardie lig in sy hart stap Omgie verder.**












# DATUMS OM TE ONTHOU

- 16 Junie 2026 – Jeugdag
- 21 Junie 2026 – Vadersdag
- 24 Junie 2026 – Ons Gryse Jeug Gholfdag in Sasolburg
- 10 Julie 2026 – Orkney Gholfdag ten bate van Viljoenskroon Jeugsorgsentrum
- 7 – 11 Julie 2026 – Vrystaat Kunstefees in Bloemfontein

*Visit Engo's Events Calendar for more information about upcoming events.*
*If you missed any of our previous newsletters, please visit www.engo.co.za.*
*If you have any comments, concerns, or compliments, please send them to info@engo.co.za.*




*"The glory of the elderly is their insight, their knowledge, and their wisdom." — Lailah Gifty Akita*